
Monitering en Inspeksie vir Fitosanitiere Markte

Sitrus
Valskodingmot en
Vrugtevlieg


Leergids

citrus
academy

Kopiereg ©



Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410



© Citrus Academy
2^{de} weergawe 2022

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op oudiovisuele materiaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

Skryfwerk:

Jacomien de Klerk

Oudiovisuele produksie:

Sagritex (Edms) Bpk

Bykomende inligtingsbronne:

Citrus Research International

Projekkoördineerder:

Citrus Academy (Jacomien de Klerk)

Spesiale Erkenning:

Peter Stephen

Luke Cousins

Aruna Manrakhan

Claire Love

Paul Cronje

Sean Moore

John-Henry Daneel

Glorious Shongwe

Rookie Beck



Vrywaring

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

Inhoud

Inleiding	4
Biologie en Lewensiklus	4
Valskodlingmot (VKM)	4
Vrugtevlieg	5
Monitering, Inspeksie en Gradering	5
Boordmonitering	5
Boordsanitasie	6
Bepaling van Totale Versamelde Vrugte	6
Neem van Vrugmonster	6
Disseksie van Vrugte	6
Identifikasie van VKM Besmette Vrugte	7
Ander Plaaginsekte en Simptome	7
Rekordhouding en Rapportering	8
Pakhuis Afleweringsinspeksies	8
Neem van Vrugmonsters	8
Vrugte Inspeksie	9
Disseksie Prosedure	9
Tekens van VKM en Vrugtevlieg Besmetting	9
Ander Plaaginsekte en Simptome	10
Rekordhouding en Rapportering	10
Pakhuis Gradering en Sortering	10
Afsluiting	10



Inleiding

Die valskodlingmot, of te wel VKM, is 'n sitrusplaag uniek aan Afrika, en so ook is sekere spesies van vrugtevlieg wat gevind word in Afrika. Hierdie plaaginsekte kom nie voor in die meeste lande waarheen Suid-Afrika vrugte uitvoer nie. Hierdie lande wil nie die kans vat dat hierdie plaaginsekte dalk versprei na hulle lande toe nie. Vir hierdie rede verdra hulle nie enige besmetting van VKM of vrugtevlieg in vrugte wat na hulle lande toe kom nie. Dit is baie belangrik dat ons in Suid-Afrika alles in ons vermoë doen om te voorkom dat vrugte wat besmet is met VKM of vrugtevlieg uitgevoer word na hierdie lande. As ons nie daarin slaag nie kan hierdie uitvoermarkte sluit en sitrusboerdery in Suid-Afrika kan groot skade ly.

Monitering van vrugte in die boord en inspeksie van vrugte in die pakhuis vir VKM en vrugtevlieg besmetting is uiters belangrik om te voorkom dat besmette vrugte uitgevoer word. As die persoon verantwoordelik vir monitering of inspeksie, het jy een van die belangrikste take op die plaas of in die pakhuis.

As jy nie besmette vrugte identifiseer nie en die nodige gevolglik nie gedoen word om die situasie reg te stel nie, is dit waarskynlik dat besmette vrugte uitgevoer sal word. Hierdie vrugte kan dan verwerp word in die uitvoermark en daardie land kan dan weier om enige verdere vrugte vanaf Suid-Afrika te aanvaar. As dit gebeur sal Suid-Afrikaanse sitrusplase hulle deure sluit en baie mense sal hulle werk verloor.

Monitors en inspekteurs moet flink wees, die regte houding hê, goeie sig hê, die belangrikheid van hulle taak goed verstaan, en ordentlik opgelei wees om die werk te doen. Jy moet gesertifiseer word as 'n gekwalifiseerde monitor of inspekteur, en behoort ook gereeld getoets te word.

In hierdie module kyk ons eerstens in detail na VKM en vrugtevlieg, die twee plaaginsekte waarvoor jy op die uitkyk moet wees as jy uitvoersitrus inspekteer. Jy moet presies weet hoe hulle lyk, wat hulle lewensiklusse is, en wat jy waarskynlik sal sien as jy 'n vrug ondersoek in die boord of in die pakhuis. Daarna sal ons kyk na die regte manier om boorde te monitor en om pakhuis inspeksies te doen. Hier sal ons dan ook 'n beskrywing gee van die ander plae wat jy mag teëkom tydens inspeksies en wat jy dalk kan verwar met valskodlingmot en vrugtevlieg.

Biologie en Lewensiklus

Valskodlingmot (VKM)

Die valskodlingmot het vier oorhoofse lewensfasies, naamlik die eier, die larwe, die papie, en die volwassene, of mot.

Die mot is slegs aktief in die nag en lê eiers op die vrug na paring. Die eier, wat baie klein en moeilik sigbaar is, broei uit en lewer 'n piepklein larwe wat net langer as een millimeter is. Die larwe dring deur die skil van die vrug en begin voed op die pulp. Binne die vrug, groei die larwe deur vyf larwefases. Terwyl die larwe groei, voed hy op die vrug, wat uiteindelik daartoe lei dat die vrug van die boom afval.

Nadat die vrug geval het, of selfs voordat die vrug val, verlaat die larwe die vrug en dring die grond binne, waar hy verander in 'n papie. Die papie ontwikkel in die grond totdat die mot uiteindelik uit die papie tevore kom, wat die lewensiklus weer begin. Afhangende van die seisoen en die temperatuur, kan die lewensiklus van eier tot eier enige iets tussen vyf weke en drie maande duur, met die kortste lewensiklus in die somer.

Vrugtevlieg

Soos met VKM, het die vrugtevlieg ook vier oorhoofse lewensfases, naamlik die eier, die larwe, die pupie en die volwasse vlieg. Die volwasse wyfie vrugtevlieg boor deur die skil van die vrug met haar eierlegger en lê eiers in klein pakkies net onder die skil. Wanneer die larwes uitgebroei het, boor hulle dieper in die vrug en voed op die pulp. Die vrug begin vrot en kan op 'n later stadium van verrotting afval van die boom.

Wanneer die larwes volwasse is verlaat hulle die vrug en verander hulle in pupies in die grond. Uiteindelik sal volwasse vlieë uit die pupies kom en die grond verlaat om die lewensiklus voort te sit. Die vrugtevlieg se lewensiklus kan enige iets van drie weke tot drie maande duur, afhangende van die weerstoestand, en is die korste in die somer.

Monitering, Inspeksie en Gradering

Daar is drie take betrokke by monitering en inspeksie vir VKM en vrugtevlieg besmetting op die plaas en in die pakhuis. Die eerste taak is boord monitering, wat behels om die vlak van VKM besmetting in die boorde te monitor en aan te teken. Die tweede taak is pakhuis aflaaï inspeksies, waar 'n vrugmonster geneem word van die vrugte uit elke boord soos dit afgelaai word by die pakhuis en die vrugte in die monster dan ondersoek word vir VKM en vrugtevlieg besmetting. Die derde taak is paklyng gradering, waar al die vrugte op die paklyng nagegaan word vir VKM en vrugtevlieg besmettingsimptome en waar besmette vrugte dan verwyder word.

Boordmonitering

Boordmonitering word ook genoem voor-oes infestasiemonitering. Die doel van boordmonitering is om die vlakke van valskodlingmot infestasiemonitering te monitor in die aanloop tot pluktyd, sodat die nodige aksie geneem kan word as die vlakke te hoog is. Vrugte vanuit 'n boord kan slegs uitgevoer word na fitosanitiere markte as hierdie moniteringsdata vir daardie boord opgelaaï is na die Phytclean stelsel.

Boordmonitering behels die neem van 'n monster uit die vrugte wat bymekaargemaak is tydens boordsanitasiemonitering en die ondersoeking van hierdie vrugte vir tekens van VKM besmetting deur die vrugte oop te sny. Die aantal vrugte wat besmet is en die totale aantal vrugte wat bymekaargemaak is tydens sanitasiemonitering van daardie boord word dan aangeteken. Dit moet gedoen word vir elke individuele boord elke twee weke vir 'n tydperk van twaalf tot sestien weke voor die oes begin.

Boordmonitering moet ten minste twaalf weke voor die oes begin, alhoewel dit beste praktyk is om monitering sestien weke voor die beplande oesaanvangsdatum te begin, ingeval die oes vroeër as verwag is. Monitering hoef egter nie voor die 15de Januarie te begin nie. So, selfs al is die beplande oesaanvangsdatum vir 'n boord vroeg in April, hoef jy steeds nie voor die 15de Januarie met monitering te begin nie.

Monitering moet verkieslik gedoen word op dieselfde dag elke tweede week. As jy vir een of ander rede nie hierdie taak kan verrig op die aangewese dag nie, doen dan jou monitering so gou as moontlik na daardie dag. Neem kennis dat daar ten minste ses moniteringsrekords moet wees vir 'n boord, een elke twee weke vir 'n tydperk van minstens twaalf weke, en dat daar nie meer as 18 dae mag wees tussen twee moniteringsgeleenthede nie.

Boordsanitasie

Boordsanitasie word gereeld gedoen regdeur die jaar om al die vrugte te verwyder wat geval het en wat buite seisoen is. Sanitasie moet ten minste een maal per week gedoen word, maar behoort so gereeld as moontlik te gebeur. Vir meer inligting en agtergrond, kyk seblief na die Orchard Sanitation video module op die Citrus Academy YouTube kanaal.

Tydens die boordmoniteringsperiode moet boordsanitasie voortgaan soos gewoonlik. Op jou boordmoniteringsdag moet die sanitasiespanne al die vrugte uithou wat hulle bymekaargemaak het in die boord. Al die vrugte vanuit die boord moet verkieslik saamgesit en gemeng word, alhoewel dit miskien onprakties sal wees vir groot boorde.

Bepaling van Totale Versamelde Vrugte

Die eerste ding wat jy moet doen is om te bepaal hoeveel vrugte in totaal deur die boordsanitasiespan versamel is in die boord deur dit te tel, of dit ten minste akkuraat te skat. Dit hoef jy net te doen vir die vrugte wat op jou moniteringsdag versamel is, dit wil sê nie vir vrugte wat op ander dae bymekaargemaak is nie.

Een manier wat jy kan oorweeg is om al die versamelde vrugte te weeg, dan tien vrugte apart te weeg en die gemiddelde gewig per vrug te bereken, en dan die gemiddelde vrug gewig te deel in die totale gewig, wat 'n redelike akkurate skatting sal gee van die aantal versamelde vrugte. As die vrugte in sakke of kratte geplaas is, kan jy dalk ook die aantal vrugte in een sak of krat tel en dit dan maal met die aantal sakke of kratte, gegewe dat al die sakke of kratte min of meer ewe vol is.

Vra die plaasbestuurder of spanleier vir advies oor wat die beste manier is in jou omstandighede om te bepaal hoeveel vrugte in totaal in die boord versamel is.

Neem van Vrugmonster

Uit al die vrugte wat in die aangewese boord bymekaargemaak is, moet jy nou 'n monster van 100 vrugte neem. As daar minder as 100 vrugte versamel is, moet al die vrugte oopgesny word.

Die vrugte vir die monster moet ewekansig gekies word, met geen voorkeur aan vrugte wat meer of minder besmet lyk nie. Onthou dat die doel van is om 'n monster te kry wat verteenwoordigend is van al die vrugte in die boord.

As al die vrugte uit 'n boord saamgesit en gemeng is in een plek, kan jy bloot 100 vrugte willekeurig kies uit hierdie klomp. As die vrugte nie saamgesit is in een plek nie maar nog oral in die boord lê, sal jy in die boord moet rondry of rondloop en jou monster moet neem uit die verskillende sakke of kratte. Maak seker dat jy steeds die monster eweredig deur die boord neem, sodat die monster so verteenwoordigend as moontlik is.

Disseksie van Vrugte

As jy al die vrugte bymekaargemaak het, moet jy al die vrugte versigtig opsny en inspekteer om te kyk of die vrugte besmet is deur VKM, of vir tekens van besmetting.

Inspekteer die buitekant van die vrugte versigtig vir enige tekens van VKM binnedringing. Waar jy sulke merke kry, sny die vrug op daardie plek. Sny dun skyfies van die vrug en stop na elke skyfie om te kyk of daar tekens is van larwe binnedringing

of besmetting. As jy die vleis van die vrug bereik en daar is geen verdere tekens van besmetting nie, sny die vrug in kwarte en doen 'n finale inspeksie vir besmetting.

As jy werk met nawellemoene en jy kry nie enige tekens van indringing op die skil nie, begin sny aan die nawel-ent van die vrug en inspekteer die vrug op dieselfde manier. Vir alle ander vrugte, sny dié sonder eksterne tekens van besmetting of binnedringing in kwarte en inspekteer hulle vir besmetting.

Identifikasie van VKM Besmette Vrugte

Teken met sorg die aantal vrugte aan wat besmet is met VKM. 'n Vrug moet aangeteken word as besmet met VKM as jy enige van die volgende tekens sien:

- ❖ Lewendige of dooie larwes,
- ❖ Larwe tonnelling,
- ❖ Miskorrels, en
- ❖ Kopkapsules

Ander Plaaginsekte en Simptome

Dit is belangrik dat jy vrugte wat besmet is met VKM akkuraat identifiseer, en dat jy nie besmetting deur ander plaaginsekte verwar met VKM nie. Die ander soorte larwes wat jy in die vrug mag sien wat jy dalk kan verwar met VKM is:

- ❖ Vrugtevlieg larwe,
- ❖ Asynvlieg en ander vlieg larwes,
- ❖ Kewerlarwes, en
- ❖ Karobmot larwes

Dit is nie nodig vir jou om die larwes van asynvlieg, ander vlieë en kewers aan te teken nie, siende dat hierdie sekondêre besmetters is. Dit beteken dat hulle net vrugte sal besmet wat alreeds beskadig is, en hulle word dus nie erken as plaë nie.

Jy moet baie goed wees daarmee om VKM larwes te erken en hulle te onderskei van ander inseklarwes. Die jong VKM larwe is wit met 'n swart kopkapsule, en is net langer as een millimeter. Soos hulle ouer word, word die larwes donkerder, eers afwit en dan later heeltemal pienk. Die volwasse larwe is vyftien tot twintig millimeter lank.

Klein, jong vrugtevlieg larwes is deursigtig met ligte mond-hake. Die ouer larwes is roomwit met swart mond-hake wat uitsteek. Op hierdie stadium is die larwes ten minste vyf millimeter lank. Vrugtevlieg larwes het nie die harde kopkapsule wat so duidelik is in VKM larwes nie. Die liggaam van die vrugtevlieg larwe vernou tot by die monddede en is afgeplat aan die stertkant. As larwes donker is, is hulle dood.

Asynvlieg larwes lyk amper soos vrugtevlieg larwes, veral die jong vrugtevlieg larwes. Die grootste verkil is dat asynvlieg larwes nie die afgeplatte agterstewe van die vrugtevlieg larwe het nie. Asynvlieg larwes is ook gewoonlik 'n bietjie kleiner, so twee en 'n half tot vier en 'n half millimeter lank, en word gewoonlik in groepies aangetref, terwyl vrugtevlieg larwes gewoonlik op hulle eie is.

Larwes van ander vrugtevlieg spesies, soos byvoorbeeld Silba, is baie soos vrugtevlieg larwes in grootte en vorm. Hulle verskil van die vrugtevlieg larwes in dat hulle spirakels aan die stertkant swart is en partykeer uitsteek.

Sap kewers het 'n donker kopkapsule, soos VKM, maar hulle verskil van VKM omdat hulle 'n kolletjie liggaam en gevurkte stert het, en nie pienk is nie.

Karobmot larwes lyk soos VKM larwes, maar die kleinste karobmot larwes is effens pink, terwyl klein VKM larwes wit is. Karobmot larwes bly hierdie ligte pienk kleur, wat ligter pienk is as volwasse VKM larwes. Die karobmot larwe het ook 'n klein harde kol voor die eerste spirakel, wat nie gesien word op die VKM larwe nie. Mens het egter 'n vergrootglas of mikroskoop nodig om dit te sien.

As deel van jou inspeksie kan jy ook 'n aantekening maak van vrugtevlieg larwes en karobmot larwes, aangesien meeste van hierdie larwes duidelik verskil van VKM larwes, veral as jy na hulle kyk met 'n vergrootglas. Jy sal miskien nog steeds 'n fout maak en karobmot aanteken as 'n VKM larwe, maar dis beter om die fout so om te maak, eerder as om 'n VKM larwe aan te teken as 'n karobmot larwe, want VKM besmetting is veel meer volop en die gevare is veel meer.

As jy nie seker is oor die identifikasie van 'n larwe nie, hou die larwe en neem 'n foto daarvan. Vra 'n kundige op die gebied vir 'n tweede opinie.

Vrugte val van die boom af vir ander redes, soos Alternaria nawel-ent vrot, chemiese brand, hittegolwe, knopmyt skade, en besmetting deur ander plaes soos witluis. Jy sal dikwels nie 'n duidelike oorsaak van die vrugval kan identifiseer nie, maar dit is belangrik dat jy VKM besmetting uitskakel as die oorsaak.

Rekordhouding en Rapportering

Teken jou moniteringsbevindinge aan op 'n standaard vorm met al die nodige inligting. Die vorm kan baie eenvoudig of meer ingewikkeld wees, maar dit is belangrik dat die vorm ten minste die volgende detail bevat:

- ❖ Die besonderhede van die persoon verantwoordelik vir monitering
- ❖ Die besonderhede van die boord wat gemonitor word
- ❖ Die datum van monitering
- ❖ Die datum van die vorige boordsanitasie
- ❖ Die aantal vrugte wat versamel is
- ❖ Die aantal vrugte besmet met VKM (onthou dat dit vrugte insluit waar daar 'n lewendige óf dooie larwe was, en vrugte wat tekens van vorige besmetting toon)

As die data van al die boorde bymekaargemaak is, rapporteer die besmettingsvlakke in die boorde aan die plaasbestuurder, en gee vir hom die voltooide vorms.

Pakhuis Afleweringsinspeksies

Nadat hulle geoes is, word vrugte afgelaai by die pakhuis in plukkratte of plukwaens. 'n Aantal kratte of waens vanaf dieselfde boord kan op een slag by die pakhuis aankom. Vir vrugte om goedgekeur te word vir uitvoer na Europa, moet 'n monster wat geneem is van die vrugte uit elke boord deeglik ondersoek word vir VKM en vrugtevlieg besmetting.

Neem van Vrugmonsters

Die grootte van die vrugmonster hang af van die uitvoer opsie vir die boord, en kan wissel van 800 tot 2800 vrugte. Die pakhuisbestuurder sal die inspekteur laat weet wat die monster grootte is vir elke boord. Die vrugmonster moet so gelykmatig as moontlik

geneem word uit al die kratte wat vanaf 'n boord gekom het. Byvoorbeeld, as 'n monster van 800 vrugte benodig word en agt kratte vanaf 'n spesifieke boord word afgelewer by die pakhuis, kies 100 vrugte uit elkeen van die 8 kratte.

Dit is belangrik dat jy kies uit die vrugte oral in die krat, en nie net van een plek in die krat af nie. Dis verder belangrik dat vrugte ewekansig gekies word, sonder om uit te kyk vir vrugte wat in 'n uitsonderlike goeie toestand is of wat beskadig is. Maak die vrugte vir jou monster bymekaar in 'n aparte krat of houer. Maak 'n aantekening van die details van die boord en die datum van inspeksie op die opname vorm.

Vrugte Inspeksie

Ondersoek die totale oppervlak van elke enkele vrug in die monster sorgvuldig deur die vrug te draai in jou hand en dit van alle kante te bekyk, en te soek vir enige moontlike merke of letsels wat kan aandui dat die vrug moontlik besmet is. Om jou te help, kan jy van 'n vergrootapparaat gebruik maak, soos 'n koplus of 'n vergrootglas, met 'n minimum vergroting van 2.5 keer vergroting. Dit is behulpsaam om inligtingskaarte met die simptome van vrugtevlieg en VKM besmetting op te sit in die inspeksie area, sodat jy die hele tyd herinner word waarvoor jy op die uitkyk moet wees.

Al die vrugte wat jy dink dalk besmet mag wees, moet eenkant gesit word vir ontleding. As jy nie seker is of die merk of letsels wat jy sien tekens is van besmetting nie, sit nog steeds eerder die vrug eenkant – dis beter om 'n groot klomp skoon vrugte oop te sny eerder as om selfs een besmette vrug deur te laat. Nawel lemoene met enige tekens van 'n gekraakte nawel-ent, selfs al is dit baie klein, moet eenkant gesit word. Navorsing het bewys dat, as jy hierdie eksterne inspeksies ordentlik doen, jy 80% van die besmette vrugte kan identifiseer selfs voordat jy hulle oopsny. Jy moet mik na hierdie hoë standaard om besmetting raak te sien in vrugte wat jy inspekteer.

Nadat jy die hele vrugmonster bolangs geïnspekteer het, kyk nog 'n keer mooi na al die vrugte wat jy eenkant gesit het, om seker te maak dat die vrugte wel besmet is.

Disseksie Prosedure

Vat die vrugte wat eenkant gesit is een vir een en begin om dit te sny by die plek waar daar moontlike besmetting is. Sny die vrug in dun skyfies onder hierdie plek, en inspekteer die vrug van naderby na elke snit vir VKM larwes en vrugtevlieg eiers of larwes, en vir ander tekens van larwe besmetting. Hou die vrug aan sny op hierdie manier totdat jy diep in die vleis van die vrug ingesny het. As jy nie enige besmetting kry nie, sny die vrug in kwarte deur die vrug in die middel deur te sny, en inspekteer elke kwart vir besmetting.

Vir nawel lemoene, inspekteer die nawel-ent van die vrugte, veral as daar tekens is van kraak of bars. Sny dun skyfies soos vantevore beskryf, en inspekteer vir besmetting.

Tekens van VKM en Vrugtevlieg Besmetting

Namate jy die vrugte ondersoek gaan jy dalk tekens kry van besmetting. Vir VKM is hierdie tekens larwe tonneling, miskorrels en kopkapsules. Jy sal egter die vrug slegs aanteken as besmet met VKM as jy lewendige of dooie larwes kry in die vrug. Die tekens help bloot as 'n aanduiding van waar om te kyk vir die larwe.

Vir vrugtevlieg, sal jy besmetting aanteken as jy lewendige larwes of vrugtevlieg eiers kry.

Ander Plaaginsekte en Simptome

Soos bespreek in die vorige afdeling, sal jy miskien larwes kry van kewers, karobmot, asynvlieg of ander vlieg spesies. Jy kan hierdie larwes miskien verwar met vrugtevlieg of VKM larwes. Hersien asseblief die vorige afdeling waar die verskille tussen hierdie spesies in detail beskryf word. Raadpleeg ook gereeld die identifikasiekaarte.

Rekordhouding en Rapportering

Teken die bevindinge van jou inspeksie aan op 'n vorm wat al die nodige inligting bevat, soortgelyk aan die een wat gebruik is tydens boordmonitering. Noteer VKM besmetting slegs as jy lewendige of dooie VKM larwes kry. Teken vrugtevlieg besmetting apart aan as jy lewendige vrugtevlieg larwes of vrugtevlieg eiers kry. Rapporteer onmiddellik jou bevindinge aan die pakhuis bestuurder, en gee vir hom die voltooiende vorms.

Pakhuis Gradering en Sortering

Die doelwit van 'n pakhuis is om vrugte te sorteer, gradeer, behandel en verpak vir uitvoer. Gradeerders is verantwoordelik daarvoor om vrugte te identifiseer en te verwyder wat onaanvaarbare letsels het, insluitende tekens van siekte- of plaag besmetting. Dit sluit vrugte wat besmet is met VKM of vrugtevlieg in.

Die sortering- en graderingstafel in die paklyn moet toeganklik en goed verlig wees, sodat die gradeerder al die vrugte kan inspekteer, en vrugte met letsels of wat moontlik besmet is kan raaksien en verwyder. Daar behoort ook plakkate op te wees by die graderingstasie wat die mees prominente eksterne besmetting simptome wys.

Dit is jou verantwoordelikheid om elke vrug op die paklyn vinnig en akkuraat te inspekteer. Kyk na die vrugte soos dit by jou verbygaan op die graderingstafel. As jy enige tekens van besmetting sien, tel die vrug op en bekyk dit van naderby. As jy selfs die kleinste merk kry wat besmetting mag aandui, verwyder die vrug en gooi hom weg. Nawel lemoene wat selfs die kleinste krakie by die nawel-ent het, moet ook verwyder en weggegooi word. Geen vrugte van die aard mag gepak word vir uitvoer nie.

Afsluiting

Die monitor, inspekteur of gradeerder kan die plaas sink of red, afhangende van hoe goed hy of sy die werk doen. As 'n monitor of inspekteur moet jy alles in jou vermoë doen om die vrugte wat besmet is met VKM en vrugtevlieg wat jy inspekteer te identifiseer. Deur besmette vrugte te identifiseer en te verwyder, help jy om die kans te verminder dat besmette vrugte uitgevoer gaan word, wat van groot belang is vir die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf.